**15 September**

**Skrifgedeelte: Handelinge 13:4-12 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:12**

## Die leer van die Here lei tot geloof

Hoeveel keer hoor ons nie dat mense sê: “God moet my ’n wonderteken gee, dan sal ek glo”? Verskeie kerkgroepe verkondig die verkryging van tekens as voorwaarde vir geloof. Daarsonder, beweer hulle, is geloof nie moontlik nie. Dalk dink u ook so. U voel dalk: “As God maar net vir my ’n teken kan gee om my geloof te versterk, sal ek onvoorwaardelik glo.”

Nou wil dit voorkom asof ons teks ook hierdie gedagte ondersteun. Paulus en Barnabas verkondig die evangelie regoor die eiland Ciprus, tot hulle by die baie belangstellende goewerneur kom. Toe hulle egter aan hom ook die evangelie wil verkondig, word hulle deur die towenaar Barjesus teengestaan. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees bestraf Paulus hom, sodat hy onmiddellik blind word. Die goewerneur sien dat God nie toelaat dat iemand Hom teenstaan nie en hy het gelowig geword.

Hoe het die goewerneur gelowig geword? Het die wonderteken wat Paulus gedoen het, hom beïndruk. Nee, in vers 12 staan daar: “... die goewerneur was diep onder die indruk van die leer van die Here.” Dit is die leer van die Here, die evangelie van Jesus Christus, wat hom tot geloof gebring het. Alles wat die goewerneur van die Here gehoor het, het hom tot geloof gebring. Die wonderteken wat die Heilige Gees deur Paulus gedoen het, was bloot bevestiging van die Woord van God. Romeine 10:17 sê tog vir ons dat die geloof deur die aangehoorde prediking van Christus kom.

Geen teken of buitengewone betekenis kan dus ’n plaasvervanger vir die suiwer Woord, die gesonde leer van Christus, wees nie. Die leer van die Here is wat die geloof bring. Nog meer as dit: die leer van die Here versterk ook die geloof. Om hierdie rede behoort ons onsself elke dag in die Woord van die Here te verdiep. Daardeur word die leer van die Here daagliks meer deel van ons lewens en kom ons elke dag meer onder die indruk van die absolute genade van God waarin Hy aan ons die geloof wat tot die lewe lei, gegee het.

*Sing: Psalm 119:1, 5 (1936)*

*Teol. Student Hannes Lee*